Ges. 3: 1, 3. **Die Onverdienstelikheid van Goeie Werke** K. / Potch. 17 Febr.'57
Ps. 130: 1, 2. Efese 2: 1-10 (S 24)
Ges. 40: 1, 5, 6.

Efese 2: 9 – nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

In ons Kateg. prediking het ons verlede jr. gekom tot by die 23e S. afd. wat gehandel het oor die groot waarheid wat deur Luther & Calvyn weer herontdek is nl. dat d. mens deur d. geloof alleen regverdig word. Die afdeling gewys (positief) dat alleen deur ons geloof in Christus ons die ware verlossing ontvang. Hier in die 24e S. afd. gaan d. Kateg. nou 'n stap verder om dit duidelik te stel en alle misverstand uit d. weg te ruim deur daarop te wys (negatief) dat ons verlossing nie kan deur ons goeie werke nie. Ons verdien nie d. ewige lewe deur ons goeie werke nie. Al is dit so dat ons praat v.d. onverdienstelikheid v. goeie werke. Dit beteken nie dat ons die werke onbodig of onnodig is nie – inteendeel: die Skrif en d. Kateg. (S. 32) wys ons daarop dat hulle noodsaaklik is. Was dit dan nie Xt. self wat gesê het: „Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik"?

Maar wat d. Bybel (en dus ook die H.K.) ons duidelik wil leer is: ons word nie salig deur ons goeie werke nie (net so min as ons salig word sonder goeie werke).

En nou vra d. hart v.d. natuurlike mens dadelik: „Maar waarom kan ons dan nie gered word op grond van ons goeie dade nie?" Gelukkig vra die H.K. dit ook (Vr. 62): „Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God, of 'n deel daarvan wees nie?"

Baie mense dink dat hulle hier staan – want ons hoor dit elke dag (bekende redenering): „Hy was so 'n goeie man. Hy het soveel goed gedoen: as hy nie in die hemel kom nie, sal niemand daar kom nie. So bedagsaam, so opofferend, so vriendelik, so eerlik, so edel – moet in die hemel kom!"
Daarom dieltjies, so!

Mr. die Bybel dink nie so nie (en ons Kateg. ook nie) want dadelik kom d. antw.: Waarom nie? (Vr 62) „Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God, en dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek is"

Baie duid. word hier 2 redes genoem waarom ons goeie werke nie eers 'n deeltjie v. ons verlossing kan bewerk nie (Hoe graag sou ons wou sien dat ons mensl. deugde en voortreflikhede darem so 'n stukkie v ons reiskaartjie na d. hemel kan betaal!)

① Kateg. sê: Goed – as jy met jou goeie werke voor God wil kom, kom! Maar onthou net een ding: God kan nooit halwe werk aanneem – omdat Hy volmaak is, moet alle werk wat verlossing wil bewerk ook volmaak wees. Kan sê nou: Was daar nooit êrens in jou hele lewe iets in gedagte, woord of daad wat gebots het met Gods wet nie?

Dan ook ons kop moet ons weet: Ag elke dag oortree ek en het ek Gods wet oortree!

② „En dat ook –" Hoe aangrypend het Jesaja dit geskilder (Jes. 64:6): „En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons ongeregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind" Dis asof God vir ons kan sê: Julle mense sien julle beste werke as julle Sondagsklere – trek dit baie graag aan! Mr voor God – 'n wegwerplike kleed! Nie omdat die werke self altyd verkeerd is nie, mr. omdat d. hart waaruit hulle kom, besoedel is!

Maar nou kom d. mens se hart in opstand teen so 'n toestand. Dis asof ons sê: Hoe nou? Beteken dit dat ons goeie, beste werke dan niks beteken, niks verdien nie? Is alle arbeid dan tevergeefs? Praat d. Bybel dan nie ook van loon nie? Dan d. moeite werd om Xten te wees? Dan Braaf ons – die H.K. praat net so: (Vr. 63) „Hoe? Verdien ons goeie werke niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon?" En gee dan dadelik as antw: „Hierdie beloning word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade"

Dus: ① Die Skrif spreek van loon. Lees maar net Matt. 25:14–30 (Gel. v.d. Talente) waar Jesus sê (15) „Mooi so, goeie en getroue dienskneg ..." En Mark. 10:29–31: „Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond verlaat het nie, ter wille van My en van die evangelie of hy ontvang nou in hd. tyd honderdmaal soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en grond, saam met vervolginge, en in die een wat kom, die ewige lewe" Hd. loon is o.a. nie die ewige lewe wat kom na d. dood – daaroor stry ons nie. Mr. dat ons hier reeds beloon word, in hd. lewe? Wat dan van soveel goeie dade, wonderlike offers v. liefde en trou wat onbeloon gebly het, of selfs verag en vertrap is? Gods antwd: Loon is daar – mr. nie soos d. wêreld dit bereken in £-s-d –: daar in vrede v siel ens!

② Hd. loon egter nie uit verdienste nie, uit genade: